MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY

VAN OF

Alle korrespondensie gerig te word aan: e, Kantoor van die Stadsklerk
DIE STADSKLERK i 9 Â¥/ Â§ Office of the Town Clerk

All communications to be addressed to : .
THE TOWN CLERK â\200\224 : â\204¢ (04924) 21337

= 55
[F] (04924) 21310

MIDDELBURG

5900

stk AU T VA 1993-09-23

COMMISSION ON REGIONS

REF: 1/11/ &Q / 38%

SIMEEK-
Privaatsay y

Die Minister van Streek- en Grondsake itvd
Privaatsak X844 EN GRONDeAKE
PRETORIA 844 Protoria =t

0001 1993 -gg- 34

Private Bag X 844 Pretoria 000
Lt [= 1

Geagte Minister Fourie 'EGIONA"Y"NFSTBY OF
240 Lo e |
FAIRS

MEMORANDUM VOORGESTELDE STREEKSGRENSE

Na aanleiding van 'n besluit deur die gemeenskap van Middelburg is vertoÃ© tot die Afbakeningskommissie gerig om dit ernstig te oorweeg om Middelburg by die Noord-Kaapstreek in te sluit.

Hierby ingesluit vir u inligting 'n memorandum wat deur 'n afvaardiging van Middelburg persoonlik aan die Afbakeningskommissie op 1993-09-27 te Calvinia voorgele en verder gemotiveer sal word.

U simpatieke oorweging en gunstige aanbevelings in diÃ© verband sal hoog op prys gestel word.

Die uwe

~

â\200\224_â\200\224

STADSKLERK
ALV/pm

VERSOEKSKRIF VIR DIE INSLUITING VAN MIDDELBURG BY DIE

NOORD-KAAPSTREEK TEN OPSIGTE VAN STREEKSREGERING GRENSE

Gedurende die afgelope paar weke het verskillende belangegroepe uit die inwoners van Middelburg vergader en samesprekings gehou om te besin oor die nuutste inligting

met betrekking tot die afbakening van streeksregering grense in ons gebied.

Hierdie memorandum weerspieâ\202¬l die eenparige mening van die Stadsraad van Middelburg Kaap sowel as die amptelike verteenwoordigers van die Sakekamer, die Boere-gemeenskap van die distrik, die plaaslike tak van SANCO (Swart Woongebied)

en die Midros Inwonersvereniging (Bruin Woongebied).

Die voorstel van die Afbakeningskommissie vir die bepaling van streeksgrense in ons omgewing soos gepubliseer vir kommentaar is met betrekking tot Middelburg se

indeling nie aanvaarbaar nie.

Huidiglik is dit duidelik dat die beoogde funksies van toekomstige streeksregering benewens primÃ©re Gesondheidsorg, Onderwys, Finansies- en Handel en Polisie, ook alle Landbouaangeleenthede sal insluit. Hierdie funksies sal dus binne ’m streek gelewer word deur die infrastrukstuur wat in daardie besondere streek is. Dit word aanvaar dat streeksfunksies slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede oor

streeksgrense heen gelewer sal word.

Middelburg Kaap se verteenwoordigers versoek dat die Landdrosdistrik van Middelburg Kaap ingedeel word by die Noord-Kaapstreek soos aangedui op meegaande kaart. Hierdie slotsom is bereik suiwer op praktiese en funksionele oorwegings en hoegenaamd

nie op ideologiese, politieke of emosionele oorwegings nie en word as volg gemotiveer:

1 Grootfontein Landbouontwikkelingsinstituut (by Middelburg)

Indien die streeksgrense afgebaken word soos voorgestel deur die Afbakeningskommissie sal dit in effek beteken dat daar in die Oos-Kaap/Kei-streek vyf Landboukundige Instellings/Landbou Opleidingsentrums sal wees, naamlik Dohne (Stutterheim), Fort Hare (Alice), Tsholo (Umtata), Fort Cox en Grootfontein hier by Middelburg. Die Noord-Kaapstreek het geen landbou-

opleidings- of navorsingsentrums nie. Wes-Kaap het een, Vrystaat het een,

Kwazulu/Natal het een en Wes-Transvaal het ook een. Dit is dus baie duidelik dat die voorgestelde Oos-Kaap/Kei Streek oorvoorsien is met landbou-instellings terwyl die aangrensende streek Noord-Kaap geen sodanige instellings het nie. Die Afbakeningskommissie self het in sy aanbeveling en kommentaar juis hierna verwys. Ons haal aan "in die Oos-Kaap/Keistreek is daar baie gedupliseerde administratiewe strukture wat gerasionaliseer moet word. Die gebied het genoegsame tersiÃ©re en opleidingsgeriewe". (sluit aanhaling). n Groot bron van kommer is dat die owerheid in die toekoms Middelburg se landbouopleiding en navorsingsentrum (naamlik Grootfontein) mag verskuif na byvoorbeeld die Noord-Kaapstreek omdat aldaar 'm billike behoefte daarvoor bestaan. Hierdie kommer is nie vergesog nie veral as in ag geneem word dat 67% van Grootfontein se bedieningsgebied in elk geval in die Noord-Kaap gebied lÃ©. Slegs 20% van Grootfontein se bedieningsgebied is in die Oos-Kaapstreek/Kei-streek en 13% is in die Wes-Kaapstreek. Grootfontein se dienste en navorsing is ook vanuit

n agro-ekologiese oogpunt gesien baie meer toepaslik in die Noord-Kaapstreek.

Die Direkteur-Generaal van Landbou het n paar dae gelede die volgende

verklaring uitgereik:

Aanhangsel A

Ons haal aan: "Indien die staatkundige grense in die toekoms so bepaal word dat twee of meer landboukundige sentrums binne een staatkundige gebied val, terwyl 'm ander naasliggende staatkundige gebied oor geen sodanige bedieningsentrum beskik nie, sou dit waarskynlik vir die Sentrale Regering moeilik wees om die "status quo" te behou. Dit is net logies om te verwag dat n faktor soos die ligging van landboukundige bedieningspunte wat baie duur is om te dupliseer in ag geneem moet word by die bepaling van staatkundige

streekgrense". (sluit aanhaling)

Die Senior Gemeenskap-Skakelbeampte, Mev C Engelbrecht, van die tak Gemeenskapsdienste van KPA het op 10 September 1993 'n skrywe aan

Middelburg se Ontwikkelingsvereniging gestuur in dieselfde trant:

Aanhangsel B

Ons haal aan: "Mev C Engelbrecht het so pas ’n behoeftebepaling te Middelburg gedoen onder alle Rade, Organisasies, Instansies en Partye in die Landdrosdistrik. Altesaam 300 persone het deelgeneem aan die projek soos deur die RGN ontwikkel. Die uitslae dui op n geweldige bekommerdheid en onsekerheid oor die toekoms as gevolg van die beoogde grensindeling. Dit is tans prioriteit Nr 1. Mense is bevrees dat as Middelburg in die Oos-Kaapstreek/Kei-streek ingedeel sal word, Grootfontein Landbouinstituut en die Distrikskommissaris-kantore van die S A Polisie sal sluit (veral eersgenoemde). Hierdie sluitings sal daartoe lei dat ongeveer 500 persone Middelburg sal verlaat wat ’n geweldige invloed

op die plaaslike ekonomie, skole en sosiale strukture sal hÃ©". (sluit aanhaling)

Hierdie stellings is veral van belang as in gedagte gehou word hoe belangrik die landbou vir die platteland is. Hierdie versoekskrif gaan uitsluitlik om die beste belang van Middelburg en al sy mense. ’n Instelling soos Grootfontein Landbouontwikkelingsinstituut mag en kan nie verloor word vir ons dorp nie. Die impak wat Grootfontein in sy totaliteit op die gemeenskap van Middelburg het kan nouliks oorbeklemtoon word deurdat dit ongetwyfeld die grootste bate is waaroor hierdie dorp beskik. Grootfontein het tans ’n personeel-korps van 387 voltydse werknemers wat jaarliks ’n totale besoldiging van byna 20 miljoen Rand ontvang en is Middelburg se grootste werkgewer. Dit op sy beurt het wye implikasies op die gebied van die ekonomie, die aantal leerlinge in die

plaaslike skole en die algemene sosio-maatskaplike welvaart van die gemeenskap.

Die Grootfontein Landbouontwikkelingsinstituut sluit in die Hoofkwartier van die Departement van Landbou- en Watervoorsiening (Karoostreek), die Staatsveearts en sy personeel, VeterinÃ©re Streekslaboratorium, Landbou Voorligtingskantore, Sprinkaanbestryding- en Navorsingskantore, Grootfontein Landboukollege en n Vagtoetssentrum wat verantwoordelik is vir die genetiese

verbetering van wolproduserende skape sowel as ’n telingsdiens aan boere.

Landbou

Ook uit ’n landboukundige oogpunt beskou behoort Middelburg by hierdie

gevraagde streek (Noord-Kaap) ingedeel te word. Middelburg distrik net soos

die gebiede ten noorde van ons is hoofsaaklik ekstensiewe weigebiede en het

dieselfde geografiese en fisiese kenmerke waarop dieselfde tipe boerderye bedryf

word en waar dieselfde ontwikkelingspotensiaal bestaan.

Gesondheidsorg

Vir baie jare al is Middelburg n behandelingssentrum vir pasiÃ©nte vanaf Noupoort omdat dit die naaste dorp is met voldoende Medici en Hospitaal-, X-straal, Tandarts en Bloedbank fasiliteite. Middelburg se hospitaal doen ook alle voorraaduitreikings alle werkswinkel dienste en al die wasgoed vir Noupoort se hospitaal. Volgens die voorgestelde streeksgsrense is Middelburg in Oos-Kaap en Noupoort in Noord-Kaap - n situasie wat om praktiese redes hoegenaamd

nie realisties is nie.

Onderwys

Op die gebied van onderwys word gevind dat sover dit leerlinge van elders aangaan, die meeste leerlinge afkomstig is vanaf dorpe in Noord-Kaap, naamlik Noupoort, Colesberg, Hanover en Richmond. Meer as 10% van alle blanke leerlinge in Middelburg is van bogenoemde vier dorpe afkomstig. Dieselfde tendens geld ook vir die Kleurlingskole deurdat uit ’ totaal van 200 koshuisgangers hier op Middelburg, 81 vanaf Noupoort en 56 vanaf Colesberg afkomstig is. Van die 710 skoliere aan die Ekuphumleni HoÃ©rskool (Swart Woongebied) is 186 afkomstig vanaf dorpe soos Colesberg, Hanover, Noupoort, Steynsburg en Hofmeyr. Slegs enkele leerlinge is afkomstig van dorpe ten suide van Middelburg.

Finansies en Handel

Sover dit die ekonomie aangaan het m opname wat onder Middelburg se sake-ondernemings gedoen is die volgende handelstendense getoon: persentasie sake-transaksies wat gedoen word met kliÃ©nte uit Noupoort, Colesberg, Hanover

en Richmond is as volg:

6.

8.

Algemene Handelaars = 30% van omset

Meubelwinkels = 33% van omset
Motorhawens = 30% van omset
Landbou-Kodperasies = 20% van omset
Regs- en Eiendomskantore = 209% van omset
Mediese- en Tandartsdienste = 33% van omset

Met gemeenskappe ten suide van Middelburg word baie min besigheid gedoen.

Verdediging

Die S A Weermag het reeds vir 14 jaar n Kommando-Hoofkwartier op Middelburg vir die Hantam Kommando wat bestaan uit manskappe vanaf Noupoort, Colesberg, Hanover en Middelburg. Die voorgestelde indeling van Middelburg by die Oos-Kaapstreek sny hierdie kommando-gebied in twee. Indien Middelburg egter by Noord-Kaap ingedeel word, word die Kommando as 'n eenheid behou

en daarom steun ook die Kommando Bevelvoerder hierdie versoek.

Polisie
Op Middelburg is reeds 14 jaar 'n Distrikskommissaris kantoor van die S A Polisie

wat onder andere die volgende dorpe bedien: Middelburg, Noupoort, Hanover, Colesberg, Steynsburg, Norvalspont, Venterstad, Burgersdorp en Molteno.

Elektrisiteitvoorsiening

Eskom voorsiening aan Middelburg geskied deur n kragnetwerk wat vanaf De Aar deur Colesberg en Noupoort na Middelburg kom en hier eindig. Hooflynonderbrekings word deur Eskom tegnici wat op Colesberg gestasioneer is herstel. Ook in hierdie verband is dit in Middelburg se belang om saam met bogenoemde dorpe in die Noord-Kaapstreek te wees.

9. S A U K Tegnici

Die Streekskantoor van SENTECH (S A U K) wat tegniese dienste aan die senders verrig is ook op Middelburg gevestig en bedien n wye gebied, naamlik TV en FM-torings, onder andere te Noupoort, Colesberg, De Aar en Victoria-Wes.

10. Biblioteekdienste

Biblioteekdienste aan Middelburg se drie biblioteke word vir n geruime tyd reeds op n gereelde basis van die streekkantoor op De Aar bedien. Weereens dieselfde streek. :

11. Regspraak

Streekshofsittings vind gereeld op Middelburg plaas en sake vanuit Noupoort,

Colesberg, Hanover en Middelburg word hier hanteer.

12. Kerke

Ook in kerkverband is ons dorp reeds vir baie jare lank ingedeel by dorpe wat hoofsaaklik in Noord-Kaap en Noordoos-Kaap is, byvoorbeeld Middelburg, Noupoort, Colesberg, Steynsburg, Burgersdorp en Cradock.

Middelburg se verteenwoordigers vertrou dat hierdie Versoekskrif die gunstige oorweging

van die Afbakeningskommissie sal geniet.

ooooo Â®ccscccccces

DR W EBURGER / BURGEMEESTER

g;//â\200\230? d@Â«-Â»; E A
MIDDE G SAKEKAMER KWANO&ZAME INWONERSVERENIGING

DELBURG DISTRIKS LANDBOU-UNIE

1993-09-16

DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU SE STANDPUNT OOR DIE VOORTBESTAAN VAN DIE LANDBOUKOLLEGE EN LANDBOU-ONTWIKKELINGSINSTITUUT GROOTFONTEIN TE MIDDELBURG KAAP

Na aanleiding van spekulasie in sekere kringe oor die voortbestaan van die Landboukollege en Landbou-Ontwikkelingsinstituut Grootfontein te Middelburg, Kaap, het die Direkteur-Generaal van die Departement van Landbou, dr Frans van der Merwe,

in Pretoria die volgende verklaring uitgereik :

Die ses Landboukolleges se sewe Landbou-Ontwikkelingsinstitute, waarvan Grootfontein te Middelburg in die Karoo, een uitmaak, is sleutelinstellings vir die landwye bediening en ondersteuning van landbouprodusente en landbougemeenskappe oor die hele land. Hierdie instellings is oor die afgelope jare uitgebou en word steeds versterk om

noodsaaklike ondersteuningsdienste op â\200\231'n koste-effektiewe wyse te lewer.

Sedert 1 April 1993, met die amalgamering van eie- en algemene sake departemente van landbou, is die mandate van al die instellings van die Departement van Landbou uitgebrei om 'n groot aantal bykomende kliÃ©nte te bedien en om die verbreding van

toegang tot landbougrond te ondersteun.

In opdrag van die Minister van Landbou is die Departement van Landbou besig om soveel as moontlik van sy funksies vanaf die hoofkantoor na die streekinstellings, waarvan Grootfontein een is, af te wentel. Dit word gedoen in antisipasie van 'n nuwe

staatkundige bedeling.

Aangesien daar egter nog geen staatkundige streekgrense gefinaliseer is nie, behou die Departement vir die huidige sy agro-ekologiese streekgrense wat nie noodwendig met die huidige ontwikkelingstreekgrense of die voorgestelde staatkundige streekgrense

saamval nie.

Grootfontein bedien tans die agro-ekologiese Karoostreek en Dohne die agro-ekologiese

Oos-Kaapstreek. Indien die staatkundige grense in die toekoms so bepaal word dat hierdie twee sentrums binne een staatkundige gebied val, terwyl 'n ander naasliggende

staatkundige gebied oor geen sodanige bedieningsentrum beskik nie, sou dit waarskynlik vir die sentrale regering moeilik wees om die sranus guo te behou, Gevolglik is dit logies om te verwag dat 'n faktor soos die ligging van die belangrike landboukundige

bedieningsentra, wat baie duur is om te dupliseer, ook in ag geneem moet word by die

bepaling van staatkundige streekgrense. Met ander woorde, die betrokke gemeenskappe

moet betyds in hierdie verband hulle insette ten opsigte van die bepaling van streekgrense lewer.

Dr Van der Merwe het ten slotte beklemtoon dat die Departement tans geen planne het om Grootfontein te verskuif, of om nuwe ontwikkelingsinstitute of kolleges op enige plek te vestig nie. Dit sou voorbarig wees om op diÃ© wyse die bepaling van

" streekgrense vooruit te loop.

SEP 19 â\200\23093 14:124 CPA COMM.SEFYS. (GRT)B43L, ; P,2 -

PROVINSIALE ADMINISTRASIE q. PROVINCIAL ADMINIâ\200\230STHAZJ'IO.â\200\230I
VAN DIE KAAP DI.E GOEIE HOOP P - : a OF THE CAPE OF GOQD HOPE

COMMUNITY SERVICES BRANCH

SUB-REGIONAL QFFICE EASTERN CAPE
P.O. 80X 216, GRAAFF-REINET, 6280

TAK GEMEENSXAPSDIENSTE
SUBSTREEXKKANTOOR 00S-KAAP

POSBUS 216. GRAAFF-REINET. 6230

TELEFAKS: (0491) 24241 TBLEFAX: (0491) 24241

TELEFOON
TELEPDONE (0491) 22123/4

NAVRAE
DIE VOORSITTER exquiries MEV. C. ENGELBRECHT/in

MIDDELBURG ONTWIKKELINGSVERENIGING yemvysixc

(MLDUAJ nvenmon CC 10/38(3/M3
POSBUS 329 DATUM

MIDDELBURG ~ DATE 10 Sept. 1993
590Q0.

STREEKGRENSE: MIDDELBURG:

vanaf 31 Augustus Lol 17 Seplember 1993 is die Ecnior Gemeenskapskakelbeampte, mev. Chris Engelbrecht besig cm 'n wetenskaplike behoeftebepaling namens HMIDDA e Middelburg te dcen onder alle rade, organlisasies, instansies en partvye in die Middelburg landdrosdistrik.

Altesaam 300 perscne sal deelneem aan die benoeftebepaling So0s deur die RGN ontwikkel, die schutze-skaal. Huidiglik moet nog net drie groepe hieraan deelneem.

Die voorlopige uitslae dui 'n geweldige bekommerdheid en onsekerheild aan 1in die toekoms as gevolig van die beoogde grensindeling. Dit 1Is tans prioriteiÂ® nommer een. Mense plaaslik is bevrees dat as Middelburg in die Oogâ\200\224-Kaap/Grens stresek ingedeel sal word saam met Ciskei ern Transkei dat Grootfontein Lanboukollege en die Distrikskommisariskantore van die SAP sal sluit, veral eersgencemce:

Aangesien Grootfontein funksioneer al langs die Visrivier tot Cookhouse en meer na die Nocrd-Xaap, is daar sterk sprake dat Grootfontein na Kimberley sal skuif, omdat Ddhne en Ciskei Landboukolleges ook in die nuwe voorgestelde streek sal funksioneer en geen in die Ncord-Kaap.

Hierdie sluitings sal daartoe lui dat ongeveer 500 persone Middelburg sal verlazaft, wat 'n _geweldige invliced op die plaaslike ekonomie, skole en sosiale struktuur sal hd. Baie besighede en industrieÃ©& erken prontult dat hul na De Aar sal verskuif indien Grootfontein toemaak omdat hul be51ghede an-de:s;ns f}nanszeel geruineer sal word.

Soos u kan aflei, is hierdie 'n turksvy wat dringend u en alle ander rolspelers se dringende aandag benodig.

(o

E.P. VERMAAK
SUBSTREEXKVERTEEIWCORDIGER

A%

g
- o ;o o

e e ge o
e eq e o

* e e o = o
- .’ A-Â§

"-
~
Â«â\204¢

â\200\231

-3
â\200\231
r---.-C"
-

e el -

-

K&cxâ\200\230{j St - .

"â\200\231â\200\224\-..&

\. .â\200\224
â\200\234wnustnn
..0 .:â\200\224 _n-_o.â\200\230-:’ â\200\230

- o 0 e
- g - Â» & o
e oy e o d e o

F eâ\200\230:(a

- = = & = =

* o o e & e e

AR "’"-"0Â»0â\200\2306â\200\231
- e o â\200\224â\200\231."\â\200\230 -..J

- & - > L, g8 â\200\230W &
. s Â£\

- -˜Victona˜, S
- e - = @ *
es .
"."â\200\230 - e â\200\230=
-

-de -